

# VOORBIDDING

**VERRAS DEUR DIE TUINIER**

**WEEK 3**

***'N GEBED VIR STILTE***

***Om God te hoor***

*Here, van praat weet ons baie,*
*van stil-wees weet ons minder*
*en van stilbly amper niks.*
*Laat ons nou soos Elia, U fluistering hoor,*
*die misterie van U stem beleef.*
*Leer ons daarom die stilte van nederigheid,*
*die stilte van wysheid,*
*die stilte van konsentrasie,*
*die stilte van geloof*
*en die stilte van verwondering.*
*Al hierdie stiltes,*
*sodat ek bewus kan wees*
*van U stem wat ook deur stilte praat.*

*Amen*

*(nav 1 Kon 19:12)*



---

Jy word hartlik uitgenooi om saam met ons stil te word in die Here se teenwoordigheid.
In die halfuur voor die Omgeegroepe begin, is die Kapel oop vir gebed.
Kom rus ’n oomblik, luister na God se stem, bid saam vir die reeks en vir ons gemeente.
Almal is welkom.

# VORM & VOLG

**REEKS: VERRAS DEUR DIE TUINIER**

# DIE VERBORGE WERK VAN GENADE

**15 FEBRUARIE 2026 | WEEK 3 | MARK. 4:26–29; GAL. 6:9**

## 1. KUIER

Maak lekker koffie of tee en gee elkeen die geleentheid om te sê hoe hulle week was. Gee kans dat elkeen hulle hoogtepunte, laagtepunte en ook Godstories van die week deel. Deel ook hoe jy verder gereflekteer het op laasweek se gedagte - dat God altyd by ons teenwoordig is en dat Hy elke deel van ons verhaal gebruik, die goed en die nie so goed.

## 2. WORD STIL

Steek 'n kers aan. Luister saam na Onbeskaamd – Naby:

*"Die woestyn maak my soms moeg en leeg*
*En my voete is al stukkend en seer, want my onvolmaakte keuses het vir my net pyn gebring, maar ek kies nou dat u my weer sal lei. Ek wil naby aan u wees, ek wil naby aan u wees."*

https://youtu.be/ErcLvgIU-NY?si=RxzdeymOijPlnbHe

## 3. WANDEL IN DIE WOORD

Lees Markus 4:26-28 en Galasiërs 6:9 saam deur.

Gee 30 sekondes van stilte, voor 'n tweede leser die teks hardop lees.

Let op wat vir jou uitstaan wanneer hierdie teks hardop gelees word:

- 'n Woord
- 'n Frasen Gedagte
- 'n Vraag
- 'n Onsekerheid
- Dalk neem hierdie teks jou gedagtes na iets in jou eie lewe

## 4. GESELS

- Draai nou twee-twee na mekaar en deel vir die ander een wat jy vandag gehoor het in die teks. (Gee genoeg tyd dat beide mense met mekaar kan deel)
- Draai nou terug in die groot groep. Gee geleentheid dat elkeen kortliks kan deel wat hulle by die persoon langs hulle gehoor het.

Bespreek die volgende saam in die groep:

1. Waar in jou lewe voel dit asof niks gebeur nie, al bly jy getrou?
2. Wat maak wagtyd vir jou moeilik?
3. Was daar al 'n tyd wat jy eers later besef het God was besig om jou te laat groei?
4. Hoe help dit jou om te hoor: "Hy weet self nie hoe nie"?
5. Enige gedagtes na aanleiding van Sondag se boodskap?

## 5. DOEN

Elke persoon kry 'n saad. Hou dit 'n oomblik in jou hand. Dink aan iets waarvoor jy wag:

- 'n verandering, gebed, verhouding, stuk groei

Plant dit dan in 'n potjie of hou dit as herinnering.
Bid saam: *"Here, leer ons om U verborge werk te vertrou."*

## NOTAS

## 6. GEBED

Waarvoor het jy gebed nodig vandag? Is daar dalk iets wat jy met die groep wil deel waaroor hulle vir jou kan bid? Bid vir mekaar. Sluit dan af met gebed in die groter groep. Julle is welkom om die volgende gedig te gebruik as afsluitingsgebed.

Ek wil leef met
God se krag wat my rig
God se mag wat my vashou
God se hand wat my bewaar
God se wysheid wat my lei

God hou jou vir ewig in Sy hand.
Jy sal uitbod soos 'n lente bloeisel
en die vrug daarvan sal ander mense verryk.

Amen

## GEDAGTES



